Bybel vir Kinders

bied aan

Daniel en die Eienaardige Droom



Geskryf deur: Edward Hughes
Ge-illustreer: Jonathan Hay
Aangepas deur: Mary-Anne S.
Vertaal deur: Yvonne Kriel
Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

BFC
PO Box 3
Winnipeg, MB R3C 2G1
Canada

©2013 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Koning Nebukadnésar het 'n droom gehad en hierdie droom het hom verskriklik gepla. Deur God se krag was Daniël in staat om die koning te vertel wat sy droom beteken.



Die eerste ding wat Daniël gedoen het was om die droom presies te beskryf. "Jy het 'n reuse standbeeld gesien O Koning, sy voorkoms was asemrowend!"

“Die standbeeld se kop is gemaak van goud,” het Daniel voortgegaan.



"Die bors en arms is gemaak van silwer."

"Die maag en bobene is gemaak van brons."



"Die bene is gemaak van yster, sy voete gedeeltelik van yster en klei."



Nadat hy die beeld beskrywe het aan die koning het Daniël hom die res van die droom vertel.

“U het gekyk terwyl 'n klip uitgesny word sonder die gebruik van hande,” het Daniel aan die koning gesê.



"Die klip het die beeld
op sy voete van yster
en klei getref en dit
in klein stukkies
gebreek."



“Die standbeeld is vergruis tot stof en het weggewaai." Daniel het gestop. "Die klip het gegroei en ‘n groot berg geword wat die aarde gevul het.”



Die koning was verstom. Dit was presies wat hy gedroom het! Hoe kon Daniel dit weet? God het vir Daniël gesê. Daniël het koning Nebukadnesar begin vertel wat die droom beteken.



“Die God
van die hemel
het aan u ‘n
koningkryk,
mag, krag
en glorie
gegee,”



het Daniël
vir die koning
gesê. “U is
die hoof van
goud.”

Daniel het vir die koning gesê sy goue koninkryk sou eindig. Die silwer deel van die standbeeld het beteken dat 'n swakker koninkryk sal sy plek inneem. Die brons het beteken nog 'n koninkryk. Die yster en klei staan vir 'n vierde koninkryk.

KONINGKRYK 1

KONINKRYK 2

KONGINGKRYK 3

KONINGKRYK 4

Die laaste ding wat Daniël aan die koning gesê het was "Die God van die hemel sal 'n koninkryk oprig wat in ewigheid nie vernietig sal word nie."

Die koning het geweet dat net God Daniël die wysheid kon gee om sy droom te verstaan. Nebukadnésar het Daniël beloon met rykdom en hom 'n baie belangrike man gemaak in die koninkryk.

Koningkryke 1, 2, 3 het gekom en gegaan.
God se koninkryk gaan kom na koninkryk 4.
Die Messias sal op die aarde regeer. Dit kan binnekort wees!

Daniel en die Eienaardige Droom

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Daniël 2

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Dié Bybelstorie vertel ons van ons wonderlike God
wat ons gemaak het en wat wil hê dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons doen baie verkeerde dinge, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons só lief dat Hy sy Seun, Jesus, gestuur het om vir ons sondes aan die kruis te kom sterf. Jesus het opgestaan uit die dood en opgevaar hemel toe! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om al jou sondes te vergewe, sal Hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir altyd saam met Hom lewe!

As jy glo dat dit die waarheid is, sê dan die volgende vir God: Liewe Jesus, ek glo dat U God is en vir al my sondes kom sterf het en nou vir altyd lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe. Vergewe asseblief al my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan hê en eendag vir altyd saam met U kan lewe. Help my om aan U gehoorsaam te wees en vir U te lewe, sodat ek u kind genoem kan word. Amen.

Lees die Bybel en praat elke dag met God! Johannes 3:16